PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535 –021 957 7115

In Fonds Lewende Annuïteit (IFLA)
Beleggingskeuses en ander opsies

Lede van die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (PPF) se In Fond Lewende Annuïteit (IFLA) het ’n keuse (wat hulle ook van tyd tot tyd skriftelik kan wysig) oor hoe hulle bestaande fondswaarde belê moet word. Hierdie dokument verduidelik dat die IFLA-lid die verstek lewensfasemodel of ’n eie beleggingsmodel kan kies. Om die **modelle** te verstaan moet die verskillende beleggingsportefeuljes verstaan word en om die verskillende **portefeuljes** te verstaan, is dit nodig om die verskillende **bateklasse** in hierdie portefeuljes te verduidelik. IFLA-lede het ook die opsie om te kan kies dat hulle maandelikse inkomste uit ’n spesifieke beleggingsportefeulje onttrek word.

BELEGGINGSMODELLE

1. ’n IFLA-lid se fondskapitaal word in ’n model (’n spesifieke kombinasie van beleggingsportefeuljes) belê.

   VERSTEK LEWENSFASEMODEL (Opsie 1)
   In die verstek opsie word ’n IFLA-lid se fondskapitaal aanvanklik tussen die konserwatiewe-portefeulje (60%) en die langtermyn-portefeulje (40%) verdeel. Sien paragraaf 7 hier onder vir meer inligting.

   EIE BELEGGINGSMODEL (Opsie 2)
   IFLA-lede het egter ook ’n vry keuse om self te besluit oor die persentasie wat hulle in die onderskeie beleggingsportefeuljes wil belê.

2. Lede kan hulle keuse een keer per maand verander. Daar is wel ’n koste aan verbonde. Die IFLA-beleggingskeusevorm (PPF7) bied die keuse as Opsie 1 of Opsie 2.

Verstaan die beleggingsmodelle:
- Verstek lewensfasemodel
- Eie beleggingsmodel

Verstaan die portefeuljes:
- Langtermyn-portefeulje
- Konserwatiewe-portefeulje
- Inkomstebeskerming-portefeulje

Verstaan die bateklasse:
Aandele, Eiendom, Infrastruktuur, Kontant, Krediet, Inkomste
- Plaaslik
- Buiteland

BELEGGINGSKEUSE (merk met ’n X in toepaslike blokkie)

Ek kies Opsie 1: ☐

Opsie 1: Ek kies die **Verstek-lewensfasemodel** vir IFLA lede en erken en verstaan dat my bestaande Lewende Annuïteitskapitaalrekening, soos op die datum van die skuif, in die Verstek-lewensfasemodel vir IFLA lede belê sal word. My toekomstige maandelikse pensioen sal in dieselfde verhouding uit die onderskeie portefeuljes onttrek word.

OF

Ek kies Opsie 2: ☐

Opsie 2: Ek kies **my eie Beleggingsmodel** en erken en verstaan dat my bestaande Lewende Annuïteitskapitaalrekening, soos op die datum van die skuif, in die portefeuljes en volgens die aangeduide persentasies hier onder verdeel sal word. My toekomstige maandelikse pensioen sal in dieselfde verhouding uit die onderskeie portefeuljes onttrek word.

Voorbeeld

PORTEFEULJES

3. ’n Model bestaan uit ’n **spesifieke beleggingsportefeulje** of ’n **kombinasie** van portefeuljes. Die drie portefeuljes is:
   - **Langtermyn**-portefeulje
   - **Konserwatiewe**-portefeulje
   - **Inkomstebeskerming**-portefeulje

   Lede wat Opsie 2 (die eie beleggingsmodel) kies, kan ’n keuse uitoefen ten opsigte van die portefeulje of kombinasie van portefeuljes waarin hulle lewende annuïteitskapitaalrekening belê moet word.

BATEKLASSE

4. Elke portefeulje bestaan uit ’n kombinasie van **bateklasse** [Sien paragraaf 9 hier onder]. Verskillende **beleggingshuise** word gebruik om die verskillende bateklasse te bestuur.

   IFLA-lede het nie ’n keuse ten opsigte van spesifieke maatskappye of beleggingshuise nie. Lede wat Opsie 2 (sien voorbeeld op bladsy 1) se eie keuse lewensfase model gekies het, het wel ’n keuse ten opsigte van die portefeulje of kombinasie van portefeuljes waarin hulle hulle lewende annuïteitskapitaalrekening belê moet word.

5. Dit verskillende **bateklasse** kan soos volg opgesom word:

Bateklasse	**Beleggingshuise**
Suid-Afrikaanse Aandele (“*equities*”)	Abax, Allan Gray, Coronation en Sanlam
Suid-Afrikaanse Eiendom	Sesfikile
Suid-Afrikaanse Effekte (“*bonds*”)	Ninety One (Flexible Bonds, Credit Opportunities, Credit Income en Inflation Linked Bonds). Futuregrowth Infrastructure and Dev Bonds Ou Mutual LDI (slegs van toepassing vir pensioenarisse)
Suid-Afrikaanse Kontant	Ninety One (Money Market)
Suid-Afrikaanse Infrastruktuur	Stanlib Infrastructure
Multi-bate	Sanlam
Buitelandse Aandele (“*equities*”)	Sygnia Diversified Global Developed Markets Equity Sygnia Diversified Emerging Markets Equity Stanlib MSCI Note
Buitelandse Eiendom	Sygnia Global Property (Resolution Capital)
Buitelandse Privaat Aandele	Sygnia Private Equity (OSI)*
Buitelandse Infrastruktuur	Sygnia Global Infrastructure (Maple-Brown Abbott)

6. IFLA-lede kan enige tyd – en soveel keer as wat hulle wil – van lewensfase model verander. Lede kan ook by Opsie 2 (eie keuse) enige tyd aan die samestelling van die model (portefeuljes) verander. Elke verandering deur die lid aangevra kos tans **R399,00** (BTW ingesluit). Hierdie koste word van ’n lid se lewende annuïteitskapitaalrekening verhaal en word jaarliks deur Alexander Forbes hersien. Veranderinge word maandeliks op ’n lid se keuse van model toegepas. ’n Opdrag wat voor die einde van ’n maand ontvang word, sal vanaf die daaropvolgende maand gedoen word. Waar veranderinge aan die blootstelling aan ’n portefeulje oor die jare verander (volgens die lewensfase model se samestelling) is die wysiging **gratis**. Koste is dus slegs ’n faktor as die IFLA-lid van model verander en elke keer as die lid in Opsie 2 aan die samestelling van die model verander.

BELEGGINGSMODELLE

7. Verstek Lewensfase Model

7.1 In die verstek lewensfase model vir IFLA-lede bly die lid wat tussen 65 en 76 jaar oud is 40% in die langtermyn-portefeulje en 60% in die konserwatiewe-portefeulje. Daarna skuif die kapitaal in die langtermyn-portefeulje elke maand na die konserwatiewe-portefeulje totdat die lewende annuïteitskapitaalrekening op tagtigjarige ouderdom 100% in die konserwatiewe-portefeulje belê is.

Ouderdom	Langtermyn-portefeulje	Konserwatiewe-portefeulje
65 tot 76	40%	60%
77	30%	70%
78	20%	80%
79	10%	90%
80 en ouer		100%



7.2 Die IFLA feiteblad geld vir die verstek lewensfase model (40% in die langtermyn-portefeulje en 60% in die konserwatiewe-portefeulje). Die feiteblaaie is hier beskikbaar: https://www.ppfkaapkerk.co.za/publikasies/#Feiteblaaie

7.3 Die skuiwe (10% per jaar) word maandeliks gedoen en lyk dus eintlik as volg:



8. Eie Model

8.1 In die eie model kan die IFLA-lid self kies watter persentasie in watter **portefeulje** moet wees. Lede kan slegs die portefeuljes kies – nie die beleggingshuis (Abax, Allan Gray) of die bateklasse (aandele, effekte, kontant) nie.

8.2 Lede wat Opsie 2 (Eie model) kies moet dus op die vorm aandui hoeveel persent in elke portefeulje moet wees. Die totaal moet 100% wees.

8.3 Die feiteblaaie vir elkeen van die beleggingsportefeuljes is op die PPF se webwerf beskikbaar: https://www.ppfkaapkerk.co.za/publikasies/#Feiteblaaie

BELEGGINGSPORTEFEULJE	% Lewende Annuïteits-kapitaalrekening
Langtermyn-portefeulje	
Konserwatiewe-portefeulje	
Inkomstebeskerming-portefeulje	
TOTAAL	**100%**

PORTEFEULJES

9. Bateklasse in die verskillende portefeuljes

Ondergenoemde persentasies is die huidige gekose strategiese bate allokasie. Dit is dus die riglyn. Soos die mark beweeg, kan die persentasies verander. Regstellings word van tyd tot tyd gemaak ten einde binne die strategiese bate allokasie te bly. Die huidige (30 Junie 2021) werklike bate allokasie word in die "werklik" kolom gegee.

9.1 Langtermyn-portefeulje

Bateklas	Strategies	Werklik	
SA Aandele ("*Equities*")	36,5%	34,7%	Plaaslik 66,5%
SA Eiendom ("*Property*")	4,0%	4,5%	
SA Infrastruktuur	4,0%	3,6%	
SA Effekte ("*Bonds*")	17,0%	16,9%	
SA Krediet ("*Credit*")	5,0%	5,8%	
Buitelandse Aandele DM	22,4%	23,5%	Buiteland 33,5%
Buitelandse Aandele EM	3,2%	3,3%	
Buitelandse Eiendom	3,2%	3,3%	
Buitelandse Infrastruktuur	3,2%	3,2%	
Buitelandse Private Ekwiteite	1,5%	1,2%	
Totaal	**100%**	**100%**	**100%**

9.2 Konserwatiewe-portefeulje

Bateklas	Strategies	Werklik	
SA Aandele ("*Equities*")	15,00%	21,1%	Plaaslik 70,0%
SA Eiendom ("*Property*")	3,00%	2,8%	
SA Infrastruktuur	4,00%	3,7%	
SA Inkomste	18,00%	0,0%	
SA Krediet ("*Credit*")	15,00%	22,5%	
SA Kontant ("*Cash*")	15,00%	19,8%	
Internasionale Aandele DM	20,00%	20,5%	Buiteland 30,0%
Internasionale Aandele EM	2,85%	3,2%	
Internasionale Eiendom	2,85%	2,6%	
Internasionale Infrastruktuur	2,85%	2,7%	
Internasionale Private Ekwiteite	1,50%	1,1%	
Totaal	**100%**	**100%**	**100%**

9.3 Inkomstebeskermings portefeulje

Bateklas	Strategies	Werklik
SA Krediet ("*Credit*")	70%	70,0%
SA Kontant ("*Cash*")	30%	30,0%
Totaal	**100%**	**100%**

9.4 Opsommende grafiek van die bateklasse in die verskillende portefeuljes



10. Aandele Bestuurders

Die PPF maak gebruik van drie beleggingsbestuurders (of beleggingshuise) om die Suid-Afrikaanse aandele **aktief** te bestuur. Die spesifieke beleggingsbestuurders het verskillende benaderinge en bied dus 'n goeie diversifikasie in die PPF se aandele blootstelling. Die spesifieke beleggingsbestuurders se keuse van aandele (en die persentasie blootstelling aan elkeen), wissel gedurig, soos wat die mark beweeg. Sanlam se CAPI Tracker is aan die begin van 2021 as 'n vierde, maar **passiewe**, aandele beleggingsbestuurder bygevoeg.

Die bestuurders (met uitsondering van Sanlam) se prestasie oor die afgelope jaar, vyf jaar en tien jaar (geannualiseer) word in die volgende tabel gegee (opbrengs soos op **30 Junie 2021*).** Die tabel toon hoe die beleggingshuise oor die korttermyn verskil, maar oor die langer termyn feitlik kop-aan-kop presteer.

Fondsbestuurder	1 Jaar	5 Jaar	10 Jaar
Allan Gray	32,4%	4,7%	9,8%
Abax	20,0%	2,5%	9,5%
Coronation	33,4%	7,1%	10,9%

11. Opbrengs

Die verskillende portefeuljes se opbrengste kan – as gevolg van 'n besonder wisselende mark – taamlik vinnig verander. Onderstaande is die opbrengs soos gemeet oor 'n jaar (1 Augustus 2020 tot **31 Julie 2021***) en die ander aangeduide termyne (geannualiseer)

Portefeulje	1 Jaar	3 Jaar	8 Jaar
Langtermyn	21,37%	8,84%	10,18%
Konserwatief	13,49%	8,55%	9,47%
Inkomstebeskerming	5,12%	7,19%	7,60%

Die jongste opbrengste kan maandeliks op die Predikante Pensioenfonds se webwerf besigtig word: https://www.ppfkaapkerk.co.za/opbrengs/

WERKSWYSE OM 'N KEUSE UIT TE OEFEN

12. Lede moet hulle beleggingskeuse op die voorgeskrewe vorm van Alexander Forbes doen. Kry die vorm op die PPF se webblad of vra een by die pensioenkantoor aan. Hierdie vorm moet dan (na voltooiing) weer na die pensioenkantoor gestuur word (per e-pos, per faks of per hand). Die direkte skakel is: http://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/PPF7_21.pdf

Pensioenkantoor se telefoon: **021 957 7115** (Elodie van der Walt) E-pos: pensioen@kaapkerk.co.za of faks: **086 524 7153** Navrae kan ook aan Bossie Minnaar by **021 957 7104** gerig word.

13. Alexander Forbes moet skriftelik (via die pensioenkantoor) bevestig dat die lid se keusevorm ontvang is. Indien die lid geen reaksie kry nie, moet die lid dit asseblief dringend met die pensioenkantoor (**021 957 7115 |** pensioen@kaapkerk.co.za) opvolg.

MAANDELIKSE ONTTREKKINGSKEUSE

14. IFLA-lede het ook die opsie om een portefeulje uit die drie wat aangebied word, te kies waaruit die lid se **maandelikse inkomste** onttrek moet word.
Daar is enkele voorwaardes:
    - Die lid se proporsie IFLA-kapitaal in die spesifieke portefeulje waaruit onttrek moet word, moet ten minste gelyk wees aan twee maal die lid se onttrekkingskoers. As die lid byvoorbeeld teen 6% onttrek moet ten minste 12% van die lid se IFLA-geld, wanneer die lid die opsie uitoefen, in die verkose portefeulje vir onttrekking belê wees.
    - As die lid 'n keuse uitgeoefen het, kan die lid na ses maande 'n verandering maak. In die praktyk behoort dit te beteken die lid kan op die jaarlikse hernuwingsdatum 'n opsie uitoefen en dit dan ses maande later weer verander.
    - Elke keer as die lid die opsie wil uitoefen of verander sal daar 'n koste van R350 plus BTW (R402,50) wees.

    Lees gerus meer hieroor in PPF4 oor hierdie opsie (Vraag en Antwoord 10).

    IFLA-lede wat die opsie wil uitoefen om hulle maandelikse pensioen uit slegs een portefeulje uit die drie wat aangebied word, te onttrek, moet Opsie 3 kies en die laaste kolom voltooi. Indien 'n lid se volle lewende annuïteitskapitaalrekening uit sleg een portefeulje bestaan, hoef hierdie opsie uiteraard nie uitgeoefen hoef te word nie.

BELEGGINGSPORTEFEULJE	% Lewende Annuïteitskapitaal-rekening	Keuse van onttrekkingsportefeulje indien Opsie 3 gekies word*
Langtermyn-portefeulje		
Konserwatiewe-portefeulje		
Inkomstebeskerming-portefeulje		
TOTAAL	**100%**	

Voorbeeld

* Merk u keuse van een portefeulje vir ontrekkings deur u verkose onttrekkingskoers in te vul. U moet ten minste twee maal u verkose onttrekkingskoers toeken aan u verkose portefeulje vir ontrekkings. U kan die pensioenkantoor elke ses maande in kennis stel om u opsie te verander.

VRYWARING

Hierdie dokument is gegrond op inligting soos wat dit op 18 Augustus 2021 aan my bekend was. Dit bied nie finansiële advies nie. Dit dien slegs om die verskillende modelle en die portefeuljes te verduidelik (soos dit op 30 Junie 2021 gelyk het). Die Beleggingsbestuurders kan enige tyd hulle aandele blootstelling wysig (binne bepaalde raamwerke). Die opbrengste in paragraaf 10 en 11 is historiese opbrengste. Daar is geen waarborg dat hierdie opbrengs in die toekoms herhaal sal word nie. Dit wys egter ook duidelik hoe die langtermyn-portefeulje en byvoorbeeld die inkomstebeskerming-portefeulje se opbrengste verskil. Die Trustees van die PPF kan ook die strategiese bate allokasie verander. Lede van die PPF word dus aangeraai om van kundige finansiële adviseurs gebruik te maak en om die nuutste inligting van die pensioenkantoor aan te vra, voordat finansiële besluite geneem word.

Ds Bossie Minnaar, Hoofbeampte

083 270 5211
26 Augustus 2021

[* Opbrengs van die Fonds is op datum van hierdie skrywe beskikbaar soos tot op 31 Julie 2021. Spesifieke beleggingsbestuurders se prestasies is egter nog net beskikbaar soos op 30 Junie 2021.]